
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word

**Geloof is uit die gehoor
en die gehoor is deur die Woord
van God Rom. 10:17**



**Faith cometh by hearing
and hearing by
the Word of God. Rom. 10:17**

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

‘n Offer van Lof

Wanneer ons aan die voordele en seëninge van God dink, wat ons, as gevolg van ons gehoorsaamheid aan Sy bevele in Sy Woord verkry, behoort ons dankbaarheid en liefde ons te motiveer tot `n lewe van diens aan Hom. Wanneer ons van “bedien” praat, dink ons gewoonlik dat dit beteken om iemand te bedien of hulle behulpsaam te wees, bv. `n kelner wat `n mens in `n restaurant bedien. Wanneer ons sê, dat ons God “bedien”, sluit dit ook in om na Sy “behoeftes” om te sien.

Ons word vermaan om mekaar te “bedien” in die liggaam van Christus – elkeen van ons het `n bediening en as ons Hom vra, sal die Here aan elkeen van ons openbaar, wat ons spesiale bediening is. Byvoorbeeld, een mens kan `n bediening van aansporing hê – om ander aan te moedig en op te hef. `n Ander mag `n musiekbediening hê – om ander te help om `n lewe vol lofprysing te leef. Nog een mag `n bediening hê wat omsien na die behoeftes van kinders, ou mense, die armes, weeskinders, weduwees, ens. Iemand wat `n berader is, het `n baie spesiale bediening – deur God se genade te toon en hulself te gee aan diegene wat in moeilike omstandighede is en voel dat hulle dit nie kan baasraak nie.

God het elkeen van Sy kinders toegerus om andere te dien, nie net die in die liggaam van Christus nie, maar ook die hele mensdom. Dit is veral belangrik, omdat die onbekeerde eerder na die Koninkryk getrek sal word, as hulle sien dat Christene doen wat hulle sê!

God het ons geskape om Hom te bedien en ons doen dit deur Hom as ons Koning en ons God te bedien, wat ons vir hierdie doel geskape het, en wat ons so lief het dat Hy Sy Seun gestuur het om aan die kruis te sterf, sodat ons gered en genees kan word (Joh. 3:16).

God het ons gemaak om konings en priesters vir Hom te wees. **Maar julle is `n uitverkore geslag, `n koninklike priesterdom, `n heilige volk, `n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig (1 Pet. 2:9).**

As “priesters” van God, bring ons nie meer aan Hom die offerande van diere soos in die Ou Testament nie, maar nou bring ons `n geestelike offer. In **Heb. 13:15** staan**: Laat ons dan gedurig deur Hom aan God `n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.**

In die Psalms word aan ons gesê dat **lof die offer is wat ons aan God moet bring.**

Daar is `n verskil tussen lofprysing en aanbidding. Wanneer ek van aanbidding praat, praat ek nie oor bid nie maar om God te aanbid vir Wie Hy is. .

LOFPRYSING is om God te dank, vir wat Hy vir ons **doen** en aanbidding is om Hom te bedien vir Wie Hy is.

SEWE HEBREEUSE WOORDE VIR LOFPRYSING

HALLAL – Om die Here te prys deur verheerliking, dit is deur te dans, deur glans voort te bring, deur verspot uitbundig op te tree. `n Baie rumoerige opheffende soort van lofprysing.

Ps. 150: Hallal die Here, Hallal God in Sy heiligdom : Hallal Hom in Sy sterk uitspansel.

SHABACH – Om die Here te prys met `n gejuig en `n harde stem.

Ps. 63:4 : Want U goedertierenheid is beter as die lewe; my lippe moet U Shabach.

YADAH – Om die Here met die hande en handbewegings te loof.

Ps. 138:2: Ek sal my neerbuig na U heilige paleis en u Naam Yadah.

TODAH – Die offers van lofprysing wat volgehoue sang versterk. Verwys ook na die lofprysing aan die Here as `n prosessiekoor of optog.

Ps. 50:23: Die een wat Todah offer, eer My.

ZAMAR – Om die Here te loof deur die speel van `n instrument.

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - 'n Offer van Lof….)

Ps. 108:1: My hart is gerus, o GOD! Ek wil sing en Zamar gee.

TEHILLAH – `n Lofprysing uit jou gees. Die oorblywende lied van die Here, uit die hart van die gelowige. **Ps. 22:4: Tog is U die Heilige wat woon onder die Tehillah van Israel.**

BARAK – Om die Here te loof deur te kniel of te buig.

Ps. 95:6: Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons Barak voor die Here wat ons gemaak het.

Wanneer jy die Here loof, seën jy Hom en beveel jy Hom aan, praat jy goed van Hom. Soms kan jy aan Hom danksegging bring of `n psalm om Sy grootheid te loof. Die psalmdigter in **Psalm 150:6** BEVEEL SELFS **" laat alles wat asem het" die Here loof!**

As Sy kinders, het ons almal hierdie bediening, om Hom te loof en te aanbid. As ons Hom op hierdie manier bedien sal ons - **sy poorte in gaan met lof, sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam. Want die Here is goed, sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en sy trou van geslag tot geslag (Ps.100:4 en 5).**

Onthou, die basiese verskil tussen lofprysing en aanbidding is, dat lofprysing gaan oor wat die Here vir jou gedoen het en aanbidding gaan oor Wie Hy is.

Om te prys is om goed van iemand te praat, om waardering teenoor iemand te toon, om te komplimenteer, om iemand op te bou. Om te aanbid is om iemand hoog te ag; om neer te buig voor die voorwerp van aanbidding. *Aanbidding is die hoogste vorm van lofprysing.* DIt is `n gesindheid van die hart. Ons begin gewoonlik met lofprysing aan die Here en beweeg dan in aanbidding in. Wanner ons na die handeling van aanbidding kyk, kyk ons na drie aspekte.

Eerstens, aanbidding kom altyd uit die hart. Dit is die eerbiedige betrokkenheid van die mens se hart met sy Skepper. Dit is meditasie en konsiderasie en om in ontsag voor die heiligheid, grootheid en waardigheid van God te staan.

Tweedens, is aanbidding spontaan en opreg, en kom direk uit `n hart, wat van liefde oorloop. Geen emosies word opgewek nie. Ons beker " loop oor" met lofprysing, soos Dawid in Ps. 23 sê.

Derdens, is aanbidding die uitstorting van diepgaande uitrukkings van respek, verering, ontsag en liefde. Dit is moontlik om `n persoon lief te hê en te prys, maar ons *kannie `n persoon AANBID nie.* Ons aanbidding is net vir die Here bedoel, wie ons geskape het om Hom te aanbid en wie die enigste Een is wat waardig is vir ons aanbidding!

U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur U wil bestaan hulle en is hulle geskape (Openb. 4:11).

Dit vertel ons dat God waardig is om roem, eer en lofprysing te ontvang, en beteken dat dit vir ons moontlik is om Hom te bedien en te seën deur ons lofprysing en aanbidding.

Daar is tye gedurende lofprysing en aanbidding dat ons mag voel om net op die Here te wag, *Sy teenwoordigheid te ervaar en bewus te word van Sy heerlikheid.* Dit is volkome Skriftuurlik en ons behoort dikwels op die Here te wag. In **Jes. 40:31** staan: **Maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.**

Dit is wanneer ons op die Here wag, dat ons swakheid vervang word met God se krag. Ons ontvang Sy krag. Die psalmdigter het geweet van om "*op die Here te wag"* en **Ps.62:6** sê: **Wees net maar stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting.**

Ps 130:5-6 sê: **Ek wag op die Here; my siel wag, en ek hoop op sy woord. My siel wag op die Here meer as wagters op die môre.**

Dit mag snaaks en nuut vir sommige wees, as gevolg van `n gebrek aan kennis oor hierdie onderwerp, maar ek wil jou verseker dat alles Skriftuurlik is. Ek glo dat meer kinders van God, hierdie waarheid sal begin verstaan en ek loof Hom hieroor. Die Woord vertel aan ons dat Jesus gaan kom om Sy bruid, die ware Kerk, te kom haal, wat die ewigheid sal deurbring deur Hom en die Vader te loof en te aanbid. Dit sê ook vir ons dat die lofprysing in die Hemel soos donderslae sal klink!

Alhoewel dit onmoontlik is om volmaak te wees, word ons aangesê om daarna te strewe om " *sonder rimpel of vlek"* te wees, wanneer Hy ons kom haal **(Ef. 5:27).** Dit hang van ons af om op die Woord van God te reageer, wat ons beveel om Hom in Gees en waarheid te aanbid en in Jesus se voetspore te volg, want Hy is die enigste voorbeeld van volmaaktheid. Sy Heilige Gees wat in ons woon, sal ons lei en oortuig, sodat ons die Vader gelukkig kan maak in alles wat ons doen en sê. Wanneer dankbaarheid vir Sy genade en wat Hy vir ons gedoen het in ons opkom, en ons meer tyd in gemeenskap met Hom deurbring, sal ons meer en meer leer hoe ons Hom kan bedien en seën met ons dankbetoning in lofprysing en aanbidding! Dit is wanneer ons Hom prys en dank vir Sy liefde, goedheid en genade, dat ons die deur oopmaak en aanbidding betree. Wanner ons Hom aanbid vir wie Hy is, kom ons in die teenwoordigheid van God – Sy ware troonkamer en het gemeenskap met Hom.

Die Vaderhart word dan geroer, en, soos ons op Hom wag, bedien Hy ons, seën ons en openbaar Hy Homself, op `n magtige wyse, aan ons! Dit is baie eenvoudig, dit is net soos `n kind tyd met sy liefdevolle vader deurbring, wat op sy beurt hierdie spesiale tyd, met sy kind geniet en begeer om in sy behoeftes te voorsien.

Lofprysing, aanbidding en gemeenskap met God, alhoewel intiem en persoonlik, kan ook plaasvind in gemeenskap met ander gelowiges. Gedurende so `n tyd ondervind ons dikwels die werking van die Heilige Gees deur lede van die Liggaam, omdat ons gestig word deur `n boodskap in tale, `n profesie, `n woord van kennis of `n woord van wysheid.

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - n Offer van Lof...)

Heb. 10:19 sê: **Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg.**

Besef jy wat hierdie vers werklik sê? Ons kan die Allerheiligste binne gaan, in die teenwoordigheid van God, omdat ons skoon gewas is deur die bloed van Jesus! Dit is nie nou net die hoëpriester van die Ou Testament, wat eenkeer `n jaar die Allerheiligste kon binne gaan nie! Jesus het `n weg vir my en jou gemaak om enige tyd die troonkamer van God binne te gaan, so dikwels as wat ons begeer!

Daar is geen beter manier om in die teenwoordigheid van jou Hemelse Vader te kom as deur lofprysing en aanbidding nie. Het jy geweet dat **Neh. 8:11** vir ons sê dat **" die blydskap in die Here, ons beskutting is"?** Jesus wou gehad het dat Sy dissipels, Sy blydskap moes ervaar , en ons, as Sy dissipels (gelowiges) vandag, is ingesluit. Sonder die blydskap in die Here, word ons swak en kragtelose Christene, met geen oorwinning in ons lewens. Hierdie blydskap word in ons opgewek deur lofprysing en aanbidding en dit is nie afhanklik van ons omstandighede nie, want Jesus is die bron van ons blydskap. Dit ontstaan deur ons geloof en vertroue in ons Hemelse Vader, by Wie niks onmoontlik is nie **(Luk. 1:37)**, wat so baie vir ons gedoen het en belowe het om ons nooit te verlaat nie.

In **Joh. 17:13,** toe Jesus gebid het, het Hy gesê …… **nou kom Ek na U toe; en Ek spreek hierdie dinge in die wêreld, sodat hulle My blydskap volkome in hulle kan hê.**

Hierdie blydskap is ons erfenis, deur Jesus. Hierdie blydskap is nie afhanklik van ons fisiese omstandighede nie, maar is afhanklik van Jesus Christus ons Here en Verlosser, en Hy verander nooit.

Alles wat ons van die Here ontvang het, is deur ons geloof in Hom – ons verlossing, bevryding van bindinge, genesing, doop in die Heilige Gees en elke ander seëning. In die wêreld word aan ons gesê – " om te sien is om te glo," die Bybel sê egter – "glo eers dan sal jy sien"! Ons glo, omdat die Woord van God dit sê en omdat ons Hemelse Vader betroubaar is. Ons glo Sy beloftes, voordat hulle gebeur, want Hy kan nie lieg nie. Dit is onmoontlik om Hom sonder geloof (vertroue) te behaag **(Heb.11:6).** In **Heb. 10:23** lees ons: **"Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is GETROU."** *Ons bely met ons monde wat ons in ons harte glo* **(Rom. 10:10).** Dit is belangrik om in ons hart te glo wat die Woord van God sê en dit met ons mond te verklaar, spreek God se Woord met sekerheid. Daar is geen beter manier om twyfel te oorwin, as om jou denke en hart met die Woord van God te vul, want uit die oorvloed van die hart, spreek die mond. Dit is onmoontlik om een ding te dink en `n ander te sê. As daar twyfel in jou hart en gedagtes is, sal dit geopenbaar word deur die Woord wat jy spreek, begin dus om die Woord van God hardop te bely. Geloof ontstaan deur die Woord van God te hoor en dit sal alle twyfel vervang. Dit sal nie lank neem, voordat jou negatiewe gedagtes verander nie.

Blydskap werk op dieselfde manier. As jy depressief voel en `n laagtepunt bereik het, begin om God hardop te prys en Sy lof te besing, dit is veral effektief om elke swaarmoedige gees te verdryf, alle depressiewiteit en ook alle twyfel! Ons het vroeër oor **Ps. 33:1- 3** gepraat: **O regverdiges, jubel in die Here! `n Loflied betaam die opregtes. Loof die Here met die siter; psalmsing tot sy eer met die tiensnarige harp. Sing tot sy eer `n nuwe lied; speel goed met trompetgelkank.** Paulus en Silas het God geloof terwyl hulle in die tronk was, en die Here het `n wonderlike wonderwork vir hulle gedoen. Hy het die tronkdeure oop gemaak en `n weg gebaan waar daar skynbaar geen weg was nie. Jy alleen neem die besluit, jy KIES om lofsange te sing – dit het niks met jou gevoelens of omstandighede te doen nie! Onthou dat blydskap nie afhanklik is van jou omstandighede nie, maar dit kom vanuit jou binneste, en is `n innerlike eienskap, `n vrug van die Heilige Gees **(Gal. 5:22)** en is die gevolg van Christus in jou, die Hoop van blydskap! Jy kan `n innerlike sekerheid, vrede en blydskap hê, ongeag enige situasie. "Blydskap" verskil van "geluk." Geluk is afhanklik van vry te wees van angs, probleme, skadelike omstandighede en onaangename mense en situasies. BLYDSKAP, aan die anderkant, is die wete dat **"Hy wat in my is, is groter as hy(die duiwel) wat in die wêreld is" (1 Joh. 4:4). Blydskap kom deur ons Hemelse Vader te vertrou en Sy Woord te glo**. Blydskap kyk nie na die uiterlike probleme nie maar na God se oplossings.

Blydskap is egter afhanklik van ons gehoorsaamheid aan Bybelse beginsels, bv. wanneer ons kies om God te loof, Hy gee aan ons Sy blydskap en vrede in ruil vir ons verdriet en angs. Onthou ons lees in **Ps. 33:1: `n Loflied betaam die opregtes –** Laat die blydskap van die Here ons deel word! ·

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

PRAISE IS FAITH IN ACTION

When you praise God IN everything regardless of your circumstances, you are actually declaring your faith in Him, and this faith pleases God **(Heb. 11:6).**

A wonderful Psalm to sing or declare in the midst of turmoil is **Psalm 100: Make a joyful noise unto the Lord all ye lands. Serve the Lord with gladness: come before His presence with singing. Know ye that the Lord He is God: it is He that hath made us, and not we ourselves; we are His people, and the sheep of His pasture. Enter into His gates with thanksgiving, and into His courts with praise, be thankful unto Him, and bless His name. For the Lord is good, His mercy is everlasting; and His truth endureth to all generation.**

It is most important for us to understand the father-child relationship in our walk with the Lord. YOU are His beloved child and never forget it! It is important that you see Him as YOUR MOST LOVING HEAVENLY FATHER. Remember how, when you were a child, you trusted your Dad completely? Everything could be going wrong, but you knew that the moment your dad walked through the door, he would somehow make everything right. To you he was big and wise and wonderful and you believed your *Daddy could fix anything that was wrong.* In your heart you believed that there was nothing which your father could not do!

King Jehoshaphat and his army had exactly the same attitude towards their Heavenly Father: *HE would know how to handle their situation! He was big and wonderful and would walk right over the enemy!* They shouted out that which was in their hearts. They praised and worshipped Him and the Lord did not disappoint them. HE WILL NEVER DISAPPOINT YOU EITHER!

However, take note, we do not praise the Lord FOR all circumstances, but IN all circumstances! **1 Thess. 5:16-18.** It would be stupid to praise and thank the Lord for cancer, or a car accident, because these come from the devil and not from our Heavenly Father. There is no way that a loving, earthly father would cause terrible things to happen to his precious child, how much more does our loving, Heavenly Father not care for us? The Bible teaches very clearly that it is the devil who brings things upon us to harm us – he comes to kill, to rob and destroy - but good and perfect gifts come from the Lord who is the giver of LIFE IN ABUNDANCE. This is confirmed by these scriptures: **John 10:10: The thief** (the devil) **cometh not, but for to steal, and to kill, and to destroy**: **I** (Jesus) **came that they might have life, and might have it more abundantly.**

James 1:17: Every good gift and every perfect gift is from above, and cometh down from the Father of lights, with whom is no variableness, neither shadow of turning. Sickness and destruction are certainly not good gifts, and God is not the author of them.

You may be totally convinced in your heart that it is Scriptural to praise the Lord with every fibre of your being, yet you still do not put this into action. The excuses are many, e.g. I am too shy, I cannot be so emotional, I am not that kind of a person etc. We miss so many blessings by not actively praising the Lord, and only giving mental assent to this truth.

God knows what will benefit us, and He exhorts us to be obedient for our own sakes. There are many things in the Bible, which He commands of us, in spite of our feelings or reasonings. He instructs us to do them because He knows how much our life will be blessed when we obey Him regardless. Take for instance water baptism: **Mark 16:16** reads: **He that believeth and is baptised shall be saved.** It does not say anything about our feelings, or the opinions of our denomination, it is a command, and God requires obedience. He knows that once we have been baptised (AFTER having received Jesus as Lord and Saviour), symbolising our death, burial and resurrection with Jesus, it will be easier for us to overcome the enemy. This command is for our benefit as children of the Most High God!! In the Bible it is clear that people first believed on the Lord Jesus and then were baptised.

The same applies to praise and worship. The Bible commands in **Psalm 150:6:Let everything that hath breath praise the Lord.** You have breath, therefore this command is for you and for me, no matter how many excuses we may have. It is there for our benefit.

We get an idea of the great importance that Jesus placed on praise when we read **Luke 19:38-40.** Jesus was riding into Jerusalem on a donkey and the multitude was praising Him saying: **Blessed is the King who comes in the name of the Lord! Peace in heaven and glory in the highest!** The Pharisees called to Him from the crowd, and asked Him to rebuke His disciples for praising Him, but Jesus answered them and said to them: **I tell you that if these should keep silent, the stones would immediately cry out (Luke 19:40).**

Let us consider what could possibly hinder us, and prevent us from praising and worshipping God as He requires His children to do**.**

1. SIN AND UNFORGIVENESS: Sin, and especially unforgiveness binds us, especially when we come into the

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - Praise is Faith in action)

presence of the Lord. We feel convicted and therefore uncomfortable, because we know that God sees our heart and knows all about us and our weaknesses. David, the man of whom God said: "This is a man after My own heart", had the same problem that we all have, namely, sin in our life. However, he was a real worshipper and he understood repentance and the Lord's forgiveness. He always confessed his sins to the Lord as he became aware of them, then repented of them and received God's forgiveness. He said in **Psalm 66:18: "If I regard iniquity in my heart, the Lord will not hear me."** He excelled in praising and worshipping the Lord and he wrote many of the psalms. We know, for example, how he rejoiced and danced before the Lord with sheer joy and gratitude when the Ark of the Covenant was brought back to Jerusalem.

In **Isaiah 59:2** we read: **But your iniquities have separated you from your God; and your sins have hidden His face from you, so that He will not hear.** There is however, a very simple solution to restore our fellowship with Him and to feel free to bring Him the praise and worship of which He is worthy. The solution is confession and repentance. **If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us our sins, and to cleanse us from all unrighteousness (1 John 1:9).**

David literally says that repentance of sins brings the joy of the Lord into one's heart! **Hide Thy face from my sins, and blot out all mine iniquities. Create in me a clean heart, O God, and renew a right spirit within me (Ps. 51:9 and 10).**

David knew that once his sins were forgiven he could come before the Lord with praise and worship and rejoicing, however as long as there was sin in his life, he could not praise the Lord. Adam and Eve walked with the Lord and fellowshipped with Him in the Garden of Eden, before they sinned by eating of the forbidden fruit. **(Genesis chapter 3)** After they had sinned they hid from the Lord, for their sin hampered the relationship they had had with God.

2. CONDEMNATION: Once you have sincerely repented of your sins, it is important to know that the Lord has forgiven you. He says in **Heb. 8:12** that He will forget your iniquities. If then you know that the Lord has forgiven you, who are you to continue holding this sin against yourself? Do not be like so many Christians who stay bound by this trap of the enemy. The devil is the accuser of the brethren and the father of lies and whose aim is to make the children of God feel guilty and condemned even after they have confessed and received God's merciful forgiveness. He does not want you to "feel" God's forgiveness, grace and love, he would rather you "felt" unworthy. Remember that we do not rely on feelings, but on the Word of God, which is forever established. In other words when God tells you in **1 John 1:9** that if you confess your sins, He will forgive you, then that is exactly what He does, and you must believe His Word, rather than the lies of the devil and your feelings. Those who are more self-conscious than God-conscious often remain in a state of guilt! If you have an over-critical spirit towards yourself and develop a false sense of humility, you become negative and introspective, which is not pleasing to God. With this attitude, you tend to place all the emphasis on yourself, instead of focussing on the forgiveness that was bought for us by Jesus at Calvary. Satan wants to keep you in bondage to guilt, so that you will not feel free to praise and worship the Lord as you should. If you do feel condemned and unworthy, recognise where these "feelings" are coming from, and remember that **Rom. 8:1** says: **"There is therefore now no condemnation to those who are in Christ Jesus, who do not walk according to the flesh, but according to the Spirit."**

The way to walk free from sin and condemnation is found in the following Scriptures. **Submit yourselves therefore to God. Resist the devil, and he will flee from you (James 4:7**), **Looking unto Jesus the Author and Finisher of your faith** (**Heb. 12:2) …… Being confident of this very thing, that He who has begun a good work in you will complete it until the day of Jesus Christ (Philip. 1:6).**

3. TRADITION: "Thus have ye made the commandment of God of none effect by your tradition" (Matt. 15:6). Those of you who receive our newsletter on a regular basis know how strong a stand we take against tradition of man which is not in line with the Bible. Tradition is often based on pride, stubbornness and intellectualism and pride is a sin! (It was because of the sin of pride that Satan was thrown out of heaven!)

Tradition says: "My great grandfather worshipped God in this fashion, so did my grandfather and my father, so it is good enough for me". Anyone who clings to tradition in spite of the fact that it is not based on Bible truth, is usually too proud to admit that they could be wrong or to accept change.

Tradition says that God lives in a church building, where we meet Him once or twice a week for an hour or so, and that we must put on smart clothes, talk in a whisper, and display a religious attitude! We may be able to fool some people, but God knows what we are really like, He knows our heart. It is foolish to think that we leave the presence of God behind when we leave the church

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Praise is Faith in action)

building! The Lord does not live in buildings made by human hands – He lives within the hearts of those who have received Jesus Christ as Lord and Saviour and are now His children, and who together make up His church **(Acts 7:48).** Never forget that God is omnipresent, and knows how rude you were to your husband/wife in the car on your way to church, or how impatient you are with your children and employees. He also knows about your back-biting and "little white lies". The Psalmist says: **"Whither shall I go from thy spirit? or whither shall I flee from thy presence?" (Ps. 139:7-12)** Tradition has taught Christians that they should be quiet, stiff and unemotional in the presence of God. Many people think it pleases Him if they display a sombre and pious attitude in church, they appear more 'holy'. Year after year Christians have followed numerous unbiblical man-made traditions even though the Word of God may teach quite the opposite.

The last five Psalms in the Bible tell us exactly how God wants to be praised and worshipped. These Psalms speak of joyful singing, dancing and shouts of joy and the use of various musical instruments.

I trust that you will allow the truth to set you free from denominational tradition **(Joh. 8:32).**

4. WORLDLINESS: Jesus assured His disciples that the "world" hated Him, and would therefore hate them **(John 15 verse 18).** The world system with all its carnality and lust is opposed to true spirituality. It is impossible to love the Lord Jesus and serve Him in spirit and in truth, whilst still holding onto the world and what it represents. We are told in the book of Revelation that if we are lukewarm, God will spit us out **(Rev. 3:16).** When we are still toying with the things of this world and the lusts of the flesh, our hearts will condemn us, and we will not have the full liberty to enter into praise and worship the way we should.

Worldly people find it embarrassing to praise and worship God. They feel it is undignified to clap their hands, to dance or sing praises to Jesus, who is the Creator and Saviour of all! They forget all about their "dignity" at rugby matches or at shows, and are able to display their emotions without any inhibitions at all, but they prefer not to get too emotional about the King of kings and Lord of lords!

"What will people think of me if I do that?" is often the thought, which prevents them from honouring and worshipping the Lord in the way in which He desires to be worshipped. A Christian's motive should always be, "how can I please the Lord?" If this is a priority, inhibitions and the fear of man will disappear.

"For they loved the praise of men more than the praise of God "(John 12:43).

"The fear of the LORD is the beginning of wisdom... (Prov. 9:10).

The number one priority in your life should be to want to please your Heavenly Father, and we know that one of the best ways to please Him is by praising and worshipping Him. If people cannot do this, they have a problem. Remember, never let the opinion of other people prevent you from praising your wonderful Heavenly Father!

5. SATANIC OPPRESSION:

Satan was originally the archangel created by God to continually praise and worship Him. He was "the cherub that covereth" and his headquarters, Eden, was a paradise **(Ezek. 28:1-19).** He was appointed to make melody and music, and was extremely beautiful. Then he fell, through pride and personal ambition, so God banished him from heaven with one third of the heavenly host, who, with him, rebelled against God. This is why Satan has such an intense hatred towards those who praise and worship the Lord. As children of the most High God, we are able to enter the innermost courts of God to praise and worship Him, which had been Satan's original position and from which he has been banished forever. This is the reason for his hatred of Christians and why he tries his level best to discourage us from praising the Lord. He said to Jesus in **Luke 4:6-8: If You fall down and worship me I will give you the kingdoms of the earth.** Of course we know that Jesus refused to do so, but it just shows how much Satan longs to be worshipped.

You can be sure that Satan will also try and tempt you, but recognise the attack, and resist him with the Word of God, just as Jesus did, when He said: **Get behind me Satan! For it is written, you shall worship the Lord your God, and Him only you shall serve (Luke 4:8).**

So when he comes with sickness, poverty, depression, feelings of inferiority or fear, etc., the best way to counter the attack is with the Word of God and by praising the Lord! Praise Him for all the blessings He showers upon you. Praise Him with a loud voice, sing, clap your hands, lift your hands and dance before the Lord. Give honour and praises to the King, and Satan will retreat very quickly!

A very effective preventative measure against depression, fear and other attacks of the enemy, is to continually play praise music and choruses in your home, or even when you are driving in your car. You may wonder what you can praise Him for. For a start you can praise Him that you have a car, as many people do not. You can praise Him for the strength and ability to drive, your eye sight, and the use of your legs and arms. You can praise Him for the home you are driving to, and the family that awaits you. Praise Him for the roof over your head and the meal on the table. Praise Him for the air you breathe, and the beauty of His creation around you. I can go on and on. Satan quickly retreats from where God is being praised and the Name of Jesus is being exalted! ·



UIT ONS KANTOOR

JY MAAK SAAK VIR GOD!

Geliefdes,

Ons lees in **Ef. 6:10: Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.**

Wanneer jy sê: "Ek kan hierdie probleem self hanteer Here." Sê God : "Reg, doen jy dit dan." Wanneer jy egter sê: "Help my Here! Ek het U nodig. Ek kan dit nie op my eie doen nie," sê God: "Reg, Ek het gewag dat jy dit sê. Jy kan nie, maar Ek kan. Kyk nou na My!" Dit is hoe God is – Hy lief dit wanneer jy op Hom staatmaak.

Jy sien, wanneer jy dink dat jy sterk is en God nie nodig het nie, kan Hy jou nie help nie. Wanneer jy Hom egter nodig het en na Hom kyk, sal Hy jou nie swak en hulpeloos laat nie. Hy kom en word die krag van jou lewe. Hy word die deurbraak wat jy nodig het.

'n Kerklidmaat met 'n rook gewoonte het eendag na my gekom en gesê: "Pastoor, bid asseblief dat God my sal help. Ek wil die rookgewoonte stop."
Ek het net eenvoudig vir hom gesê: "Jy kan nie, maar God kan."

Hy het geantwoord: "Ja, ek weet dat ek nie kan nie, maar met God se hulp, sal ek myself dissiplineer en my bes probeer om van die gewoonte ontslae te raak."

Ek het vir hom gesê: "Nee, jy kan nie, maar God kan." Ek het dit 'n hele paar keer herhaal, totdat hy besef het dat dit nie sy selfdissipline of wilskrag sou wees wat hom kon help om sy rookgewoonte te oorkom nie, maar die krag van God. Uiteindelik het hy verstaan dat ware bevryding van hierdie vernietigende gewoonte nie sou gebeur deur sy eie krag nie, maar deur "sterk in die Here (te wees) en in die krag van Sy mag ".
'n Paar weke later het ek hom weer gesien en het hy gesê: "Pastoor, sedert daardie dag, het ek nie eers probeer om self op te hou rook nie. Ek het net elke keer wanneer ek aangesteek het, vir God gesê: 'Ek kan nie, maar U kan.' Op 'n dag was die drang weg! Jesus het my volkome bevry van my gebondenheid aan nikotien !" Hierdie man het ware bevryding ondervind, nie net 'n uiterlike vorm van dissipline en wilskrag nie.

Daarom, wanneer jy sê: "Ek kan iets daaraan doen", maak jy steeds staat op jou menslike krag. Wanneer jy egter vir God sê: "Ek kan nie, maar U kan ," het jy ingeskakel by die ware bron van jou krag – Jesus. Soos jy in Sy krag rus, sal jy Sy mag in jou lewe sien manifesteer in jou lewe!

Geliefdes wees verseker van ons gebede vir elkeen van julle, julle is kosbaar vir ons en veral ook vir God. Baie dankie vir julle liefde, gebede en ondersteuning, dit word opreg waardeer.

Meg en die Gebedspan

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is:
Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank,
53730091667,
Kode: 220129

Ons God van wonderwerke

Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid..

Ek dank U vir die gebed. Ek't 'n week later 'n werk gekry by 'n goeie ou vriend van my en my toekoms lyk baie goed. Ek's verlos van my geldelike probleme en my Moeder is ook hierdeur baie gehelp.
Baie dankie. F. W. Pieterse.

Liewe Meg en Gebed span,
Ek het 6 Maart voorbidding gevra o.a. vir myself wat baie las van "goat" gehad het (13 jaar). Die 10 de Maart het ek alle medikasie gelos. Prys die Here saam met my ek is volkome genees. Baie dankie vir jul voorbidding asook vir jul maandelikse leesstof dit beteken vir my geweldig baie.
Groete en mag die Here julle elke dag seën.
Riaan Steenkamp.

Ek loof en prys my Wonderlike Hemelse Vader wat ek net kan dank. Ek het so 'n paar maande terug vir u gevra om vir my te bid vir my migraine wat ek so gekry het, wel ek is genees daarvan en ek kan net sê dankie Jesus!! Ek dank die Liewe Vader vir mense soos julle. Baie dankie.
Mev F Olivier, Bethlehem.

Ek skryf aan julle, asook die span met blydskap en vreugde in my hart, want my skouer en rug is genees. Ons dien 'n wonderlike Here. Ek loof en prys Hom!! Ek dank Hom ook vir julle, en 'n groot dankie vir die boekies en nuusbrief wat ek bevoorreg is om elke maand te ontvang.
Mev. T. Botha, Pretoria.

My vrou het 'n ligte beroerte aanval gehad. Deur Jesus se bloed is sy genees!! Ons dien 'n groot en almagtige Hemelse Vader!! Halleluja! Ek loof Hom daarvoor!! Halleluja. **Mnr. K. Kloppers, Somerset Wes.**

Vandag gee ek weereens ons Hemelse Vader al die eer wat nog steeds gebede verhoor.
Ek het vir u gebel en gevra om saam met my te bid vir 'n werk en vir my finansiële situasie. Wel, Prys die Here, ek het 'n goeie werk gekry. Ek is so dankbaar aan my Hemelse Vader en gee hom al die eer en lof!!
Mev. L. Burger, Durban.

Ek het kanker in die bors gekry en na verdere diagnose is bevind dat dit al oral in my liggaam was. Ek het julle gebel en gevra om vir my te bid. Die Here het my gebede geantwoord en ek prys Hom vir my genesing!! Tot op datum is ek gesond en die dokters vind geen rede om oor my bekommerd te wees nie.
Nogmaals baie dankie vir al u gebede vir my.
Mev. K. Niemand, Namibia.

Baie dankie vir elke maand se nuusbrief wat ek al soveel jare ontvang en nog steeds na uitsien. Dankie ook vir die boekies wat julle vir my aanstuur.
Baie dankie vir al die gebede wat opgaan. Ons Hemelse Vader is so getrou!! Ek het vir gebed gevra vir my dogter wat baie siek was en die Here het haar totaal genees!! Ek wil net sê baie, baie dankie vir julle gebede!!
Mev. J. Nel, Bloemfontein.

HOE JY WEET DAT JY DIT SAL ERF

Ps.89:34: Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie.

Wanneer God jou iets belowe, neem jy Hom op Sy Woord of doen jy soos Abraham en vra? : **"Here Here, waaraan sal ek weet dat ek dit in besit sal neem? " (Gen.15:8)**

God het nie vir Abraham berispe omdat hy Hom nie op Sy Woord geneem het nie. Dit is hoe genadig God vir Sy mense is. Hy het selfs tot Abraham se geloofsvlak gedaal en iets gedoen om Abraham te verseker dat Hy altyd Sy beloftes sal hou – Hy het 'n verbond met Abraham gemaak (Gen.15:9–17).

God het dit nie tot Sy eie voordeel gedoen nie. God is 'n God van Sy Woord. Hy het egter Homself aan 'n verbond verbind, omdat Hy geweet het dat Abraham in sy hart moes weet dat God sou doen wat ook al Hy hom beloof het.

Die mens vind dit moeilik om net woorde te glo. Byvoorbeeld, wanneer jy 'n huis koop, word 'n kontrak opgestel en deur beide partye onderteken en prokureurs is betrokke. Jy het 'n kontrak nodig omdat jy nie die ander persoon se woorde kan vertrou nie en hy kan ook nie joune vertrou nie.

Netso vind ons dit moeilik om God op Sy woord te neem. Dus het God 'n verbond met ons gemaak, nie omdat Hy nie vertrou kan word nie, maar omdat Hy weet dat ons dit moeilik vind om net te glo wat Hy sê. God weet dat die mens sal wonder: "Wat as God môre aan die verkeerde kant van die bed opstaan en besluit om my te straf in plaas van om my te seën?"

Omdat God egter 'n nuwe verbond met ons gemaak het, wat ingestel is deur die bloed van Sy Seun, kan ons, netsoos Abraham, nie deur ongeloof twyfel aangaande die beloftes van God nie, maar versterk word in ons geloof, deur ten volle oortuig te wees dat God sal doen wat Hy beloof het (Rom. 4:20–21). Ons het die sekerheid dat God nie net eendag sal wakker word en sê: "Vergeet die nuwe verbond. Ek wil jul sondes nou onthou en jou vervloek in plaas van om jou te seën!"

Die seëninge van die nuwe verbond vir jou is gewaarborg, omdat God Homself aan die verbond verbind het. Hy is 'n God wat Sy verbond hou en gewillig is en by magte is om alles te doen wat Hy jou beloof het!

Omdat God 'n nuwe verbond met ons gemaak het, bevestig deur die bloed van Sy Seun, kan ons ten volle oortuig wees dat Hy sal doen wat Hy beloof het. ⋆